Skedule G2*Schedule G2*

(13 Februarie/February 2017)

VEREISTES TOV VEILINGS ONDER DIE BESKERMING VAN DIE NGUNI BEESTELERSGENOOTSKAP
REQUIREMENTS FOR SALES HELD UNDER THE AUSPICES OF THE NGUNI CATTLE BREEDERS' SOCIETY

1. Aansoek \ *Application*

1.1 Organiseerder(s) van 'n veiling moet eerstens aansoek doen by die genootskap om 'n veiling onder sy beskerming aan te bied. Die aansoek moet ten minste drie maande voor die veiling gedoen word, maar verkieslik nog vroeër, om kennisgewing daarvan te kan doen. Aansoeke moet skriftelik gedoen word en die toepaslike aansoekvorm sal verkrygbaar wees van die genootskap en moet volledig ingevul word.

The organizer(s) of a sale must apply to the society at least three months prior to the date of the relevant sale to present it under the auspices of the society. Early application is necessary in order to notify members of the sale timeously. Application must be made in writing on the relevant application form available from the society, which must be completed in full.

1.2 Alle kommunikasie met betrekking tot die veiling sal slegs tussen die genootskap en die aangewese organiseerder(s) plaasvind. Die organiseerder(s) sal vir die kommunikasie tussen die verskillende verkopers betrokke by die veiling verantwoordelik wees.

All communication pertaining to the sale will be handled between the society and the appointed organizer(s). The organizer(s) will be responsible for the communication with sellers involved with the sale.

1.3 Alle verkopers moet ten volle betaalde lede van die Nguni Telersgenootskap wees.

All sellers must be fully paid up members of the Nguni Breeders Society.

1.4 Na goedkeuring van die veiling sal die kantoor die amptelike inskrywingsvorms aan die organiseerder stuur. Hierdie dokumente moet aan die genootskap teruggestuur word om die kantoor ten minste twee maande voor die veiling te bereik. Inskrywingsvorms moet volledig ingevul word en lotnommers moet toegeken word in die regte orde van die veiling. In buitengewone omstandighede mag vervangingsinskrywings ontvang word, na gelang van die reëls van die organiseerders van die betrokke veiling, tot en met een maand voor die veiling.

Geen veranderinge sal aan die katalogus aangebring word later as 21 werksdae voor die veiling nie. Slegs diere wat aangeteken is op die katalogus, mag verkoop word. Die finale katalogus moet een maand voor die veiling afgehandel wees.

On approval of the application the office will furnish the organizers with the official entry forms which must be completed and returned to the office at least two months prior to the date of the relevant sale. Entry forms must be completed correctly and lot numbers must be allocated in the correct sequence of the sale. In exceptional cases substitute or replacements may be entered within one month prior to the sale, subjected to the rules laid down by the organizers of such sale. No changes to the catalogue will be allowed later than 21 working days prior to the sale. Only animals on the catalogue may be sold. The catalogue must be finalized not later than one month prior to the sale.

1.5 Daar sal ook ‘n dokument vir ondertekening aan die betrokke afslaer/s uitgestuur word waarin die reëls en verpligtinge van die afslaer/s duidelik uiteengesit word. Die genootskap behou die reg voor om aansoeke vir veilings onder beskerming nie toe te staan nie waar beoog word om van ‘n afslaer gebruik te maak wat ‘n rekord het by die genootskap van ontoepaslike optrede.

A document detailing the rules and duties of the auctioneers will be submitted to the relevant auctioneers for their signature. The society reserves the right to reject an application for a sale to be presented under the auspices of the society should it emerge that the services contracted would be that of an auctioneering firm that (was) is in disrepute with the society.

1.6 VRYWARING – Die Raad en personeel van die genootskap word, **persoonlik**, gevrywaar van enige eise van kopers of verkopers wat mag voortvloei uit verkope op hierdie veilings.

*INDEMNITY – Council and staff members of the society, in their **personal capacity**, are indemnified against any claims lodged by either buyers or sellers arising from the sale of animals at such a sale.*

2. Vereistes tov diere wat aangebied word \ *Requirements of animals on offer*

2.1 Alle diere wat te koop aangebied word moet by die Nguni Beestelersgenootskap geregistreer wees behalwe ongespeende kalwers wat aangeteken moet wees.

Geen Eerste Registrasie (FR) diere mag op ‘n veiling onder die beskerming van die genootskap verkoop word nie, behalwe met die vergunning deur die Genootskap op ‘n algehele uitverkoping. Na afloop van so ‘n algehele uitverkoping behou die Genootskap die reg voor om al die diere wat nie verkoop of oorgedra is nie, te kanselleer binne ‘n maand na afloop van die algehele uitverkoping.

All animals on offer must be registered with the Nguni Cattle Breeders Society, except calves at foot, whose birth must have been officially recorded.

No first registration (FR) animals may be sold at a sale under the auspices of the society, except with prior approval by the society for a dispersal sale. After such dispersal sale, the society reserves the right to cancel all animals in dispersed herd that were not sold or transferred within one month after the dispersal sale.

2.2 Diere wat nie aan die minimum rasstandaarde voldoen nie mag nie verkoop word nie; sodanige standaarde sluit in, maar is nie beperk nie tot, vroulike diere wat nie die minimum aantal kalwers op die onderskeie teiken ouderdomme gehad het nie.

Diere wat vrygestel is van die reproduksie standaarde, mag glad nie as geregistreerde Ngunis verkoop word nie. Hierdie diere se nageslag mag ook nie onder die beskerming van die Genootskap verkoop word nie.

Animals not conforming to the minimum breed standards may not be sold; such standards include, but are not limited to females, not having had the minimum number of calves at the respective age benchmarks.

Animals that have not met the reproduction standards, but received a concession, may never be sold as registered Ngunis. Their progeny may not be sold under the auspices of the society.

2.3 Alle verse ouer as 29 maande moet (deur ‘n veearts) dragtig gesertifiseer wees. Die dragtigheidstatus van koeie op ‘n veiling moet sodanig wees dat hulle kalf volgens die minimum reproduksie standaarde (Skedule B).

All heifers older than 29 months must be certified in calf (by a veterinarian). The pregnancy status of cows on sale must be such that they calve according to the minimum reproduction standards (Schedule B).

2.4 Kalwers wat saam met hul moeders ingeskryf word moet d.m.v. ‘n oorplaatjie geidentifiseer word en geboortekennisgewings moet onmiddelik ingedien word. Kalwers wat gebore word nadat inskrywings ingedien is, se geboortekennisgewings (of bewys van aantekening daarvan) moet ook die dag van die veiling saam met alle ander dokumente ingedien word.

Geen kalwers wat as “nie vir registrasie” aangeteken is, mag aangebied word nie.

Geen vroulike dier mag verkoop word indien die verkoper bewus is dat sy dragtig is van enige ander bul wat nie ‘n geregistreerde Nguni bul is nie.

Calves at foot entered with their dams must be identified by means of an ear tag and the birth notifications must be (submitted) immediately. The birth notifications (or proof of the notification thereof) of calves born subsequent to entries having been submitted must also be submitted on the day of the sale together with all other documentation.

No calves at foot that have been notified as “not for registration” may be offered for sale.

No female may be offered that is knowingly in calf to any bull other than a registered Nguni bull.

2.5 Bulle wat op die veiling aangebied word moet binne drie maande voor die veiling deur ‘n veeaarts getoets word vir geslagsgeskiktheid (Eksterne genitalië, Interne genitalië (rektaal ondersoek), Makro- en mikroskopiese evaluasie van semenmonster) en negatief getoets word vir Trichomoniase, Vibriose, BM en TB. Telers word aangeraai om tot en met die veiling bulle wat wel getoets is apart te hou van vroulike diere.

Bulls that are presented must within the preceding three month period have been tested by a veterinarian in respect of breeding soundness (external genitals, internal genitals, rectal examination, macro and microscopic evaluation of semen sample) and must have tested negative in respect of Trichomoniasis, Vibriosis, CA and TB. Breeders are advised to run tested bulls seperately from females until the date of the sale.

2.6 Alle ander diere moet negatief getoets wees vir TB en BM so na as moontlik aan die veilingsdatum maar nie langer as drie maande voor die veiling nie.

All other animals must have tested negative in respect of TB and CA as close as possible to but not more than three months prior to the sale date.

2.7 Indien van die verkoopsdiere positief getoets word vir TB, BM, Trichomoniase of Vibriose, moet al die verkoopsdiere van die spesifieke verkoper, voor die veiling onttrek word en die kantoor in kennis gestel word

If any of the animals tested positive for TB, CA,Trichomoniasis or Vibriosis, the owner (seller) must withdraw all animals from the sale and notify the office accordingly.

2.8 Semen mag slegs tesame met ‘n DNA sertifikaat aangebied word.

Semen may only be offered if accompanied by a DNA certificate.

2.9 Semen van die verkoopsbulle wat teruggehou word, moet verklaar word op die veiling.

The owner/breeder of bulls being offered for sale must declare if semen has been retained.

2.10 Waar diere dragtig is van “veelvuldige vaars”, moet die identiteitsnommers van die moontlike vaars voorsien word en elke moontlike vaar moet ‘n DNS profiel (Laboratorium nommer) op rekord hê. Alle gebruiks bulle moet 'n DNA profiel aangeteken hê.

Where females are in calf to “multi-sires”, the identity numbers of the possible sires used must be supplied and each possible sire must have a DNA profile (Lab number) on record. All bulls used in the herd must have a DNA profile recorded.

3. Keuring \ *Screening*

3.1 Alle diere moet deur twee inspekteurs gekeur word (waarvan ten minste een ‘n senior is) wat deur die genootskap afgevaardig is.

All animals must be screened by two inspectors (of which at least one must be a senior) appointed by the society.

3.2 Inspekteurs verantwoordelik vir die keuring mag nie diere by die betrokke veiling verkoop nie.

Inspectors officiating at a sale screening may not sell animals on the same sale.

3.3 Die keuring moet die dag voor die veiling by die veilingsterrein gedoen word.

The screening must be done on the day prior to the sale at the sale venue.

3.4 Alle toepaslike dokumentasie (veearts sertifikate en geboortekennisgewingslyste van kalwers aan voet) moet beskikbaar wees tydens keuring. Waar sodanige dokumentasie nie beskikbaar is nie, moet die inskrywings van die betrokke diere teruggetrek word.

All applicable documentation (veterinary certificates and birth notifications lists of calves at foot) must be presented at screening. Where such documentation is not available the entries of the relevant animals must be withdrawn.

3.5 Tydens die veilingskeuring word die identifikasie van die beeste bevestig, en vir funksionele foute en rasegtheid gekeur. **Die genootskap is nie betrokke by enige reëls soos deur die organiseerders neergelê wat betref ander standaarde van beeste of enige ander addisionele reëls.**

The purpose of screening is to verify the identification of the relevant animals and to inspect them for functional faults and breed purity. ***The society’s mandate is to apply the breed standards as laid down in it’s constitution and therefore will not be involved in laying down extraordinary rules and minimum standards that may be determined by the organisers of any specific sale.***

3.6 Slegs ‘n verteenwoordiger van die afslaers mag die genomineerde inspekteurs tydens die veilingskeuring vergesel.

The appointed inspectors may only be accompanied during screening by a representative of the auctioneering firm.

3.7 Die inspekteurs sal die afslaers verwittig van diere wat afgekeur is. **Die inspekteurs se beslissing is finaal en geen appèlinspeksies sal toegelaat word by die veiling nie.** Diere wat afgekeur is, se registrasie sal onmiddelik opgeskort word. 'n Skriftelike appèl kan binne 21 dae deur die verkoper aangeteken word by die kantoor. 'n Voorgeskrewe fooi is betaalbaar en die appèlinspeksie sal tydens die volgende jaarlikse inspeksie van die teler gedoen word.

The inspectors will advise the auctioneers of the animals that failed the screening. ***The findings of the inspectors will be final and no appeal inspections will be allowed at the auction.*** *The registration of these animals will be suspended. A written appeal can be lodged by the seller, at the office, within 21 days. A prescribed fee is payable and the appeal inspection will be done with the breeder's next annual inspection.*

Afgekeurde vroulike diere kan steeds as ongeregistreerde diere verkoop word, maar beslis nie onder die beskerming van die genootskap nie en mits dit duidelik so afgekondig word. Hierdie diere wat dan as ongeregistreerde diere verkoop word se registrasiesertifikate sal gekanselleer word deur die inspekteur en mag nie weer heringestel word nie.

Geen ongeregistreerde bulle mag verkoop word op dieselfde perseel waar 'n veiling onder die beskerming van die Genootskap plaasvind, op dieselfde dag nie. Dit sluit in manlike diere wat tydens die veilingskeuring afgekeur is.

Female animals that failed the screening may be sold as unregistered animals, but definitely not under the auspices of the Society and only if this condition has been clearly announced. The registration certificates of such animals sold as unregistered animals must have been cancelled by the inspector and may not be re-instated.

No unregistered bulls may be sold on the same site where an auction under the auspices of the Society occurs on the same day. This includes males that are rejected by a sale screening.

4. Verpligtinge van die afslaer/s \ *Duties of the auctioneer*

4.1 Die afslaer/s moet die toepaslike vorm wat hy/sy/hulle ontvang mbt tot die veiling volledig invul en geteken terug besorg aan die genootskap.
The auctioneer\s must complete the applicable form submitted to him\her\them in full and return it to the society duly signed.

4.2 Omdat dit 'n "onder beskerming" gebruiksreg veiling is, moet die veilingspamflet en alle advertensies **voor** publikasie in die media aan die genootskap voorgelê word vir goedkeuring en die embleem moet tesame met die volgende duidelik op die pamflet aangebring word: "onder beskerming van die Nguni Beestelersgenootskap."

By virtue of it being a sale presented under the auspices of the society, the sale pamphlet as well as all advertising must be submitted to the society for approval prior to publication and the society logo as well as the words "under the auspices of the Nguni Cattle Breeders' Society" must appear prominently on the sale pamphlet.

4.3 Die reëls vir veilings onder beskerming en ander inligting soos ontvang van die genootskap moet voor in die katalogus gepubliseer word.

The rules pertaining to sales presented under the auspices of the society and other information submitted by the society must be published at the front of the catalogue.

4.4 Dit is die verantwoordelikheid van die afslaer om die volgende binne 2 weke na afloop van die veiling by die genootskap in te dien a) die veilingsrol, b) Inspeksieverslag c) vrugbaarheids- en dragtigheidssertifikate.

Vir punt 4.4.b benodig die Genootskap die inspeksieverslag wat geteken is deur die inspekteurs wat die keuring gedoen het, sowel as die verkoper(s), waarop die dier se I.D.- en lotnommers verskyn.

The auctioneer is responsible for submitting the following documentation to the society within two weeks of the sale –
(a) vendu role (b) inspection report (c) fertility and pregnancy certificates.

For point 4.4.b the Society requires the inspection report that is signed by the screening inspectors, as well as the sellers, where both the identity- and lot numbers of the animals appear.

4.5 Die lidnommers van geregistreerde telers wat diere aankoop moet by registrasie van die kopers aangevra word en dan op die vendusierol aangebring word by diere wat deur hierdie telers aangekoop word.

The membership numbers of buyers that are registered breeders must be obtained and included in the detail of animals purchased by such breeders and included in the vendu role.

5. Algemeen \ *General*

5.1 Veilings wat binne ‘n 300 km radius van mekaar plaasvind, mag nie op dieselfde dag plaasvind nie. Een dag moet verloop tussen Internet veilings se sluitingsdatum . Gevestigde veilings en veilings van vorige jare sal voorkeur geniet by die bespreking van datums. Indien die organiseerders van 2 verskillende veilings egter ooreenkom en daartoe instem kan 2 veilings onder beskerming op dieselfde dag aangebied word.

Sales that will take place within a 300 km radius of each other, may not take place on the same day. There must be a time span of one day between the closing dates of Internet sales. Established and previous sales will receive precedence as regards the reservation of dates. However, should the organisers of two different sales agree thereto, such two sales may be presented under the auspices of the society on the very same day.

5.2 Die Nguniformaat veilingskatalogus maak voorsiening vir ‘n bylaag per teler\verkoper. Sodanige dokument wat deur die teler\verkoper geteken word sal die inspekteur bemagtig om sy pligte uit te voer en toestemming verleen dat die diere wat onder sy\haar naam ingeskryf is, verkoop en aan die nuwe eienaar oorgedra mag word. Sodanige dokument sal, nadat dit onderteken is, aan die afslaers oorhandig word vir ondertekening. Let asseblief daarop dat ‘n veearts-sertifikaat nog steeds benodig word vir bevestiging van TB- en BM-vrye status sowel as dragtigheidsstatus.

The Nguni format for sale catalogues provides for an annexure per breeder\seller. Such document signed by the breeder\seller will authorise the inspector to carry out his duties and will also give permission for the transfer of the animals entered and sold in his\her name to the new owner. Such document will, subsequent to it having been signed, be handed to the auctioneers for their signature. Please note that a veterinary certificate is still required for the verification of TB and CA free status as well as the pregnancy status of the relevant animal.

5.3 Geen ander inspeksie mag tydens veilingskeuring gedoen word nie. M.a.w. net geregistreerde (voorheen goedgekeurde) diere mag aangebied word, behalwe ongespeende kalwers.
Die implikasie hiervan vir voornemende verkopers is dat hulle vroegtydig diere moet voorlê vir inspeksie ‘of tydens jaarlikse inspeksie ‘of by ‘n spesiale inspeksie.

No other type of inspection may be done during sale screening – in other words, only registered (previously inspected) animals may be presented with the exception of unweaned calves. The implication is therefore that potential sellers must ensure that their animals are presented for inspection well ahead of time – either during the annual inspection or at a special inspection.

5.4 Vir alle veilings onder beskerming, gehou in die RSA, sal die genootskap kwalifiseer vir 'n ½ % verkoopskommissie. Hierdie kommissie moet binne twee weke na afloop van die veiling aan die Genootskap oorbetaal word.

The society will receive a ½ % sales commission in respect of all sales presented under the auspices of the society in the RSA. This commission must be paid to the Society within 14 days after the sale.

Indien daar vir 'n veiling aansoek gedoen word om onder die beskerming van die Genootskap plaas te vind en die veiling word gekanselleer, maar vind wel plaas nie onder die beskerming van die Genootskap nie, sal 'n bedrag van R1 500 van die verkopers (veilings-koördineerder) verhaal word. Klubs sal vrygestel word van hierdie fooie, met die nodige redes van kansellasie.

If there was an application for an auction to take place under the auspices of the Society and the auction were cancelled, but does take place, an amount of R1 500 will be claimed from the sellers (sale co-ordinator). Clubs will not be held responsible for the costs, if there is sufficient motivation.

5.5 Vals aanbieding: Alle diere wat geadverteer word moet aangebied word en die genootskap behou die reg voor om veearts sertifisering te eis in die geval van onttrekkings, behalwe in die geval van die dood en gevolglike kansellasie van die dier.

False offering: All animals advertised must be presented and the society reserves the right to demand veterinary certification in respect of withdrawals, except in the case of the death and subsequent cancellation of an animal.

5.6 Alle aansoeke vir ongewone veilings (byvoorbeeld: internet veilings) moet vroegtydig en skriftelik aan die Raad gerig word, sodat praktiese reëlings getref kan word met die oog op die toepassing van die beginsels vervat in hierdie dokument. Die kostes (ingesluit veiling keurings) van hierdie veilings sal direkte kostes vir die verkoper wees.

All applications for unusual sales (for example: internet sales) should be submitted timeously and in writing to the Council with the view to the practical application of the principles contained in this document. The costs (included sale screenings)for these auctions will be direct costs for the seller.

5.7 Alle Veearts dokumentasie vir Internet veilings moet deur die kantoor ontvang word twee weke voor die begin van die Internet veiling. Hierdie dokumentasie sluit in: Geslagsgeskiktheid (Eksterne genitalië, Interne genitalië (rektaal ondersoek), Makro- en mikroskopiese evaluasie van semenmonster) by bulle asook sertifikate vir die toets van Trichomoniase, Vibriose, BM en TB (bulle en vroulike diere). Diere sal nie verkoop kan word indien hierdie dokumentasie betyds ontvang word nie.

All veterinary documents for Internet auctions must be received by the office two weeks before the beginning of the Internet auction. This documentation includes: Breeding soundness (external genitalia, internal genitalia (rectal examination), macro-and microscopic evaluation of semen sample) in bulls and certificates for the testing of Trichomoniasis, Vibriose, CA and TB (males and females). Animals will not be sold if the documentation is not submitted in time.